Preek
Sondag 20 April 2008
Ds Freddie Schoeman

Lees Numeri 1:1-3; 17-14:12; 20-24

Kern: 1:33 *Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.*

Jesus: *En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy altwee oë het en in die hel gegooi word.* (Markus 9:47)

en : *22 "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. 23 Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!"* (Matteus 6:22-23)

Videosnit: Bela

39 Toe sê Jesus: "Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word."

40 Party Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: "Ons is mos nie blind nie!"

41 Jesus antwoord hulle: "As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly julle skuldig."

Baie in die lewe hang af van hoe ons dinge sien; ons perspektief op die lewe. In Numeri 13-14 het ons gelees dat daar 12 verkenners was. Tien van hulle het die land op 'n bepaalde manier gesien. Die twee ander, Josua en Kaleb, het dit anders gesien. En tog het hulle na dieselfde land gekyk. Hulle het dieselfde realiteite waargeneem. Maar hulle het verskillende dinge raakgesien.

Dit wat die 10 raakgesien het, het hulle bang gemaak. Dit wat die 2 raakgesien het, het hulle opgewonde gemaak. Hulle het almal nie dieselfde land gekyk maar verskillende dinge raakgesien. Die 10 het die reuse raakgesien en gesê: *Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.* Hulle het na hulleself gekyk vanuit die perspektief van die reuse – daarom het hulle hulleself gesien as sprinkane.

Josua en Kaleb het ook na hulleself gekyk – maar nie vanuit die perspektief van die reuse. Hulle het hulleself gesien soos die Here hulle sien – as 'n volk wat in staat is om die land in te neem.

Dit hang af van watter kant jy kyk.

Videosnit: Noelle

Aan watter kant van die boek sit ons?

Vraag: kyk ons na onsself en die wêreld vanuit die perspektief van die Here? Of vanuit ons eie perspektief of dalk die perspektief van ander mense?

Dis 'n belangrike vraag om te antwoord want dit bepaal hoe ons ons lewe gaan leef.

- Dit bepaal die besluite wat ons neem.
- Dit bepaal of ons geleenthede gaan benut of nie gaan benut nie.
- Dit bepaal of ons opgewonde oor die lewe is, en of ons moedeloos en teneergedruk is.
- Dit bepaal of ons lewens gevul is met liefde, vreugde en vrede, en of dit gevul is met angs, bekommernis en vrees.

Dis 'n keuse wat ons elke oomblik van die dag maak. Hoe voel jy op die oomblik oor jou lewe en die uitdagings en krisisse wat op die oomblik jou in die gesig staar? Hoe jy voel is die gevolg van hierdie keuse: om die lewe te sien vanuit die perspektief van die Here, of vanuit die perspektief van mense. Aan watter kant van die boek sit jy?

As ons aan die verkeerde kant van die boek sit, is ons geneig om te blameer en te kritiseer. "You're doing it all wrong!" Sy sit aan die verkeer kant van die boek. As ons aan die verkeerde kant van die boek is, sien ons nooit die volle prentjie nie. Dan is ons altyd meer deel van die probleem as deel van die oplossing.

Die lamp van die liggaam is die oog, sê Jesus. As die lig in ons donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie. As ons oog donker is, dan is ons lewe donker – dan leef ons in die duisternis. Ons maak die lewe vir onsself donker.

Maar, gaan Jesus voort, as die lig goed is, dan sal jou hele liggaam lig hê. Vraag is: hoe goed is ons oog? Wat sien ons raak? Sien ons net die donker kant van die lewe? Of leef / wandel ons in die lig?

Die doop vanoggend wil ons daaraan herinner dat God altyd sy lig op ons wil laat skyn. Martin Luther het groot dele van sy lewe onder die donker wolk van depressie geleef. In sulke tye het hy op die werkbank die volgende woorde geskryf: "Ek is gedoop". Dan het hy homself daaraan herinner dat God vir hom lief is en dat hy 'n kind van die lig is.

Terwyl die donker wolk van die kruis oor Jesus se lewe bing val het, het Hy die volgende vir sy dissipels gesê:

35 Toe sê Jesus vir hulle: “Nog net ’n kort tydjie is die lig by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die

duisternis lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie. [36] Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees." (Johannes 12:35-36)

Jare later eggo Paulus Jesus se woorde:

Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. (Ef 5:18)

Hemelse Vader

Onder donker omstandighede is dit soms so moeilik om as mense van die lig te lewe. Help ons om in die lig te glo – sodat ons mense van die lig kan wees. Help ons om met u oë na onsself en ons omstandighede te kyk. Ons sien so dikwels net die reuse in ons lewens raak. En dan word dit vir ons donker. Help ons die reuse in die regte perspektief te sien. Help ons om na hulle vanuit u perspektief te kyk.

Amen